



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIOR SERTIFIKAAT/  
NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT  
SENIOR CERTIFICATE/  
NATIONAL SENIOR CERTIFICATE**

**GRAAD 12 /GRADE 12**

**CATN.1  
REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1/  
COMPUTER APPLICATIONS TECHNOLOGY P1/**

**NOVEMBER 2020(2)**

**PUNTE / MARKS: 180**

**TYD / TIME: 3 uur / hours**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye, 'n HTML-merkersblad, 'n toevoermasker-karakterblad en 'n aparte inligtingsblad.

This question paper consists of 16 pages, an HTML tag sheet an input mask character sheet and a separate information sheet.

**MIDDAGSESSIE/  
AFTERNOON SESSION**



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. As gevolg van die aard van hierdie praktiese eksamen is dit belangrik om daarop te let dat, selfs as jy die eksamen vroeg klaarmaak, jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal te verlaat voordat al die administratiewe funksies wat met die eksamen geassosieer word, gefinaliseer is NIE. Gedurende die eksamen sal die normale reëls oor die verlating van die eksamenlokaal geld.
2. As jy op die netwerk werk, of as die datalêers vooraf gelaai is, moet jy die instruksies volg wat deur die toesighouer/onderwyser gegee word. Anders sal die toesighouer 'n CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') met al die lêers wat vir die eksamen benodig word, aan jou gee. Indien 'n CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') aan jou uitgereik is, moet jy jou eksamennommer en sentrumnummer op die CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') skryf.
3. Aan die einde van die eksamen moet jy die CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') inlewer wat deur die toesighouer aan jou gegee is, met AL jou antwoordlêers op die CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') gestoor, OF jy moet seker maak dat AL jou antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos wat deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is.
4. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word. **MOENIE** onnodige lêers/lêergidse stoor NIE **en MOENIE duplikaat-antwoordlêers-/lêergidse inlewer NIE. MOENIE enige oorspronklike lêers waarop jy nie gewerk het nie, verwyder NIE.**
5. Die inligtingsblad wat saam met die vraestel verskaf word, **MOET NA AFLOOP VAN DIE DRIE-UUR-EKSAMENSESSIE INGEVUL WORD.** Lewer dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.
6. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.
7. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae. Beantwoord AL die vrae.
8. Lees deur elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. **MOENIE** meer doen as wat die vraag vereis NIE.
9. Lees die vraag noukeurig deur aangesien akkuraatheid in berekening gebring sal word.
10. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreeël teen moontlike kragonderbrekings.
11. Jy mag **GEEN** hulpbronmateriaal gebruik NIE.
12. Maak seker dat die streeksinstellings ('regional settings') op 'South Africa' ingestel is en dat datum- en tydinstellings, nommerinstellings en geldeenheidinstellings ('currency settings') korrek ingestel is.



13. Vir alle woordverwerkingsvrae moet jy die taal op 'English (South Africa)' stel. Neem aan dat die papiergrootte A4 Portret ('Portrait') is, tensy anders aangedui. Gebruik sentimeter as maateenheid.
14. Formules en/of funksies moet vir ALLE berekeninge in sigbladvrae gebruik word. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.
- LET WEL:** Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al word veranderinge aan die bestaande data gemaak.
15. Jy mag NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word gebruik om die HTML-vraag te beantwoord NIE.
16. Die eksamenlêergids/CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat die lêers wat hieronder aangedui word. Maak seker dat jy al die lêers het voordat jy met hierdie eksamen begin.

• 1Back	Prent
• 1Seven	Woordverwerkingslêer
• 2Ancient	Woordverwerkingslêer
• 3Canyon	Sigblad
• 4Trails	Sigblad
• 5Eiffel	Prent
• 5Wonder	Databasis
• 6_1Places	HTML-lêer
• 6_1Slides	Prent
• 6_2Acropolis	Prent
• 6_2Angkor	Prent
• 6_2Kiyomizu	Prent
• 6_2Man	HTML-lêer
• 6_2Sophia	Prent
• 7Natural	Woordverwerkingslêer
• 7Quote	Sigblad



**SCENARIO**

'n Paar verstommende strukture wat in antieke tye geskep is, word die Wonders van die Wêreld genoem.

Die Wonders van die Wêreld is uitgebrei om wonderlike skeppings in die volgende kategorieë in te sluit: Antieke, Mensgemaakte, Klassieke, Moderne en Natuurlike Wonders, ens.

**VRAAG 1: WOORDVERWERKING**

Maak die **1Seven**-woordverwerkingsdokument oor die Sewe Wonders van die Antieke Wêreld ('Seven Wonders of the Ancient World') oop. Voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of die bladsyonderskrif ('footer') in.

1.1 Redigeer die voorblad ('cover page') soos volg:

- Verander die prentjie na die **1Back**-prentjie wat in jou eksamenlêergids gevind word.
- Voeg die teks 'From Wikipedia' by die dokument se subtitel-kontrolle ('subtitle control') in.
- Verander die eienskappe van die datum-kontrolle ('date control') om as dd MMMM yyyy te vertoon.

**LET WEL:** Maak seker dat die 'Developer Tab' geaktiveer is. (3)

1.2 Verander die inhoudsopgawe ('table of contents') wat op die tweede bladsy van die dokument gevind word, soos volg:

- Gebruik die 'Modern'-formaat.
- Vertoon TWEE vlakke ('levels') van opskrifte ('headings'). (2)

1.3 Voeg enige outomatiese figuurtabel ('table of figures') by onder die opskrif 'Table of Figures' op die tweede bladsy van die dokument. (1)

1.4 Vind die prentjie van die wêreldkaart op die derde bladsy van die dokument en maak die volgende veranderinge:

- Herstel die prentjie na die oorspronklike voorkoms daarvan.
- Verander die grootte van die prentjie na presies 7 cm hoog en 15 cm wyd. (3)

1.5 Vind die tabel onder die opskrif 'Wonders' en verander die tabel soos volg:

- Voeg die tabelbyskrif ('table caption') 'Ancient Wonders' in. Aanvaar die verstekposisie ('default position').
- Pas die 'Plain Table 1'-styl op die tabel toe.
- Verwyder die eerste twee leë rye van die tabel.
- Verander die uitleg ('layout') van die inhoud van die tabel om links inlyn gestel ('left-aligned') en vertikaal gesentreerd ('vertically centred') te wees.
- Sorteer die tabelinhoud in dalende ('descending') volgorde volgens die 'Modern location'-kolom. (7)



- 1.6 Gebruik 'n woordverwerkingseienskap om seker te maak dat die opskrif 'Arts and Architecture' altyd op 'n nuwe bladsy begin, selfs al word ander formaterings- of uitlegveranderinge aan die dokument gemaak. (1)
- 1.7 Voeg 'n voetnoot ('footnote') in op die teks 'abduction of Helen by Paris', wat onder die opskrif 'Arts and Architecture' gevind word, wat 'Trojan War' lui.  
Gebruik enige formaat van jou keuse. (2)
- 1.8 Voeg die volgende bron ('source') by:  
Tipe: Miscellaneous  
Titel: Wonders of Europe (2)
- 1.9 Skakel die kolpuntlys ('bulleted list') onder die opskrif 'Further reading' na 'n genommerde lys ('numbered list') om.  
Gebruik die nommerstyl ('number style') A.,B.,C. vir die genommerde lys. (2)
- 1.10 Kopieer die teks op die laaste bladsy, wat die verwysings bevat, na 'n nuwe woordverwerkingsdokument.  
Stoor die nuwe woordverwerkingsdokument in jou eksamenlêergids in pdf-formaat as **1References**. (3)
- Stoor en maak die **1Seven**-dokument toe. [26]



**VRAAG 2: WOORDVERWERKING**


Maak die **2Ancient**-woordverwerkingsdokument oor die Wonders van die Antieke Wêreld oop.

- 2.1 Verander die opskrif 'Wonders of the Ancient World' soos volg:
- Verander die fontgrootte na 31 pt.
  - Verander die paragraafspasiëring ná ('paragraph spacing after') na 24 pt. (3)
- 2.2 Stel die vertikale inlynstelling ('vertical alignment') van die eerste bladsy van die dokument na bo ('top'). (1)
- 2.3 Verander die bladsynommering ('page numbering') soos volg:
- Maak seker dat die eerste bladsy nie genommer is nie.
  - Stel die nommering van die onewe ('odd') bladsye na regs inlyn.
  - Verander die nommeringformaat vanaf die tweede bladsy van die dokument en verder na die formaat Page | 1. (4)
- 2.4 Vervang alle gevalle van enige syfer(s) in die dokument met 'n asterisk (\*). (3)
- 2.5 Verander die 'Heading 1'-styl soos volg:
- Verander die stylnaam na 'Ancient'.
  - Baseer die 'Ancient'-styl (vorige 'Heading 1') op die 'Subtitle'-styl en formateer die font van hierdie styl na 'n blou kleur.
  - Dateer al die gevalle van die 'Heading 1'-styl met die nuwe styl op. (4)



2.6 Vind die opskrif 'Mausoleum at Halicarnassus'.

Verander die kolom-formaat van die opskrif 'Mausoleum at Halicarnassus' saam met die inhoud daarvan (die prentjie ingesluit) om soos volg te vertoon:

<p><b>Mausoleum at Halicarnassus</b></p> <p>Located in what is now south-eastern Turkey, the Mausoleum at Halicarnassus was a tomb built by Artemisia for her husband, Mausolus, the king of Carnia in Asia Minor, after his death in *** B.C. Mausolus was also Artemisia's brother, and, according to legend, she was so grief-stricken at his passing that she mixed his ashes with water and drank them in addition to ordering the mausoleum's construction. The massive mausoleum was made entirely of white marble and is thought to have been about *** feet high.</p>	<p>The building's complicated design, consisting of three rectangular layers, may have been an attempt to reconcile Lycian, Greek and Egyptian architectural styles. The first layer was a **-foot base of steps, followed by a middle layer of ** Ionic columns and a stepped, pyramid-shaped roof. At the very top of the roof lay the tomb, decorated by the work of four sculptors, and a **-foot marble rendition of a four-horse chariot. The mausoleum was largely destroyed in an earthquake in the **th century and its remains were later used in the fortification of a castle. In ****, pieces of one of the mausoleum's friezes were extracted from the castle and now reside, along with other relics from the Halicarnassus site, in London's British Museum.</p> 
--	--

**LET WEL:**

- Maak seker dat jou wyser ('cursor') in die eerste kolom verskyn voordat jy die kolomme formateer.
- Stel die kolomgroottes soos op die liniaal getoon.
- Die afmeting van die tweede kolom is 10 cm. (3)

2.7 Voeg 'n hiperskakel ('hyperlink') op die teks 'Sostratos' in om na 'n nuwe leë dokument met die naam **2Sos** te verwys.

**LET WEL:** Maak seker dat die nuwe dokument in jou eksamenlêergids gestoor is. (2)

2.8 Stel 'n kruisverwysing ('cross reference') op die teks '(HGoB)' op die laaste bladsy om na die opskrif 'Hanging Gardens of Babylon' te verwys. (2)

2.9 Voeg 'n outeur-kontrole ('Author control') in onder die teks 'Insert here', wat aan die einde van die dokument gevind word, en voeg jou eksamennommer by die outeur-kontrole. (2)

Stoor en maak die **2Ancient**-dokument toe. **[24]**



**VRAAG 3: SIGBLAD****LET WEL:**

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in dieselfde kolom kopieer (afkopieer/'copy down').
- Voeg formules en/of funksies op só 'n manier in dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die bestaande data.
- Gebruik die toegekende spasie in die sigblad indien jy boublokke wil gebruik.

Die Grand Canyon, 'n groot riviervallei in die Colorado-woestyn, word as een van die Natuurlike Wonders van die Wêreld beskou.

Maak die **3Canyon**-sigblad oop en werk in die **Hikers**-werkblad.

3.1 Formateer die opskrif in **sel A1** soos volg:

- Voeg 'n dik blokkieraam ('thick box border') by die opskrif.
- Sentreer die opskrif vertikaal. (3)

3.2 Voeg 'n funksie in **sel E3** in om die afstand van die derde langste roete (**kolom G**) te bepaal. (3)

3.3 Voeg 'n funksie in **sel E4** in om die totale afstand (**kolom G**) wat op 18 November 2020 afgelê is (**kolom I**), te bepaal. (5)

3.4 Voeg 'n funksie in **sel E5** in om te bepaal hoeveel manlike stappers (**kolom D**) enige van die Kaibab-staproetes (**kolom E**) gestap het. (6)

3.5 Verander die grafiek wat in **sel L12:R30** verskyn soos volg:

- Skuif die grafiek na 'n nuwe werkblad.
- Formateer die grafiek se uitleg deur die 'Quick Layout 2'-opsie te gebruik.
- Elke staaf ('bar') moet 'n ander kleur hê. Pas 'n grafiek-eienskap van die sigblad toe om die vulkleure ('fill colours') volgens datapunt ('data point') te varieer. (3)

Werk in die **Subtotal**-werkblad.

3.6 Gebruik die SUBTOTAL-eienskap om die totale afstand wat deur elke Trail\_Staproete gedek word, te bepaal.

**WENK:** Die data moet volgens die veld waarop die subtotaal toegepas word, gesorteer word. (4)

Stoor en maak die **3Canyon**-sigblad toe.

**[24]**



**VRAAG 4: SIGBLAD****LET WEL:**

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in dieselfde kolom kopieer (afkopieer/'copy down').
- Voeg formules en/of funksies op só 'n manier in dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die bestaande data.
- Gebruik die toegekende spasie in die sigblad indien jy boublokke wil gebruik.

Toergroepe besoek gereeld die Grand Canyon. Die besonderhede van die Grand Canyon-staproetes word in die **4Trails**-sigblad gestoor.

Maak die **4Trails**-sigblad oop en werk in die **Trail**-werkblad.

4.1 Voeg 'n funksie in **sel B2** om die gemiddelde grootte van die groep (**kolom H**) te bepaal. (2)

4.2 Die identifikasiekode vir 'n roete word bepaal deur die eerste karakter van elk van die twee woorde in die naam van die roete (**kolom B**) te onttrek, bv. BA vir die Bright Angel-roete.

Die funksie om die linkerkantste karakter van die identifikasiekode te onttrek, is in **sel A5** ingevoeg.

Verander die funksie in **sel A5** om die identifikasiekode te vertoon. (7)

4.3 Pas voorwaardelike formatering ('conditional formatting') toe deur enige ikoonstel ('icon set') te gebruik wat drie ikone ('icons') bevat om die hoogte (**kolom E**) te formateer.

Gebruik die volgende reëls:

- Reël 1: Hoogte is groter as 2 000
  - Reël 2: Hoogte is tussen 800 en 2 000
  - Reël 3: Hoogte is kleiner as 800
- (6)

4.4 Elke voertuig kan slegs vyf toeriste op 'n slag op 'n toer deur die canyon neem.

'n Formule is in **sel N6** ingevoeg om te bepaal hoeveel voertuie nodig sal wees om die River Trail Junction-groep te vervoer.

Verander die formule deur 'n funksie by te voeg om seker te maak dat genoeg voertuie beskikbaar is om AL die toeriste in die groep (**kolom H**) te vervoer.

Kopieer die funksie/formule na die res van die selle af ('copy down'). (3)



4.5 **Kolom I** tot **M** toon watter geriewe, bv. drinkwater ('drinking water'), toilette ('toilets'), noodfoon ('emergency phone'), veldwagterspos ('ranger station') en kampeerterrein ('camping site') beskikbaar is.

Gebruik 'n kombinasie van IF-funksies (formules) in **sel Q3** om te bepaal of die roete (**kolom B**) Bright Angel is EN 'n 'Yes' vir al die geriewe het, of nie.

Vertoon die woord 'True' as al die geriewe beskikbaar is en 'False' as dit nie is nie.

(8)

Stoor en maak die **4Trails**-sigblad toe.

**[26]**



**VRAAG 5: DATABASIS**

Die **5Wonder**-databasis stoor data oor Die 50 Mensgemaakte Wonders van die Wêreld ('The 50 Man-made Wonders of the World') en opnamedata van toeriste wat beplan om hierdie wonders te besoek.

Werk in die **5Wonder**-databasis.

- 5.1 Verander die **tblCountries** tabel deur die 'USA'-rekord uit te vee aangesien dit 'n duplisering is. (1)
- 5.2 Maak die **tbl5\_2**-tabel in ontwerpaansig ('Design View') oop en verander dit soos volg:
- 5.2.1 Voeg 'n primêre sleutel by die *WonderName*-veld. (1)
- 5.2.2 Verander die *City*-veld soos volg:
- Verander die veldgrootte ('field size') na 50.
  - Verander die veldeienskappe ('field properties') om die gebruiker te dwing om 'n stad in te voeg.
- LET WEL:** Kies 'Yes' vir enige waarskuwingsfoute wat mag verskyn. (2)
- 5.2.3 Verander die *Date*-veldeienskappe om die datum in 'Medium Date'-formaat te vertoon. (1)
- 5.2.4 Skep 'n opsoeklys ('lookup list') vir die *Country*-veld soos volg:
- Voeg 'n opsoeklys in deur die waardes in die **tblCountries**-tabel te gebruik. (2)
- 5.2.5 Die *GPS1*-veld moet die eerste gedeelte van die GPS-posisie (m.a.w. die breedteligging) van elke Wonder aandui, bv. 48.8566°N.
- 'n Toevoermasker ('input mask') vir die *GPS1*-veld is geskep, maar nog nie voltooi nie.
- Voltooi die toevoermasker om data soos volg te aanvaar:
- EEN opsionele syfer of spasie, gevolg deur
  - EEN verpligte syfer, gevolg deur
  - 'n Punt (('.')), alreeds in die data gegee, gevolg deur
  - VIER verpligte syfers, gevolg deur
  - 'n Grade-simbool (°) (ALT+0176), alreeds in die data gegee, gevolg deur
  - EEN verpligte letter
- LET WEL:** MOENIE die punt en die grade-simbool verwyder NIE. (4)
- Skakel na databladaansig ('Datasheet View') om.
- 5.2.6 Voeg die **5Eiffel**-prentjie wat in jou eksamenlêergids gevind word, in die *Picture*-veld van die Eiffel Tower-rekord in.
- LET WEL:** Die prentjie sal slegs vertoon indien 'n vorm geskep is.
- Stoor en maak die **tbl5\_2**-tabel toe. (2)



5.3 Die **frm5\_3**-vorm is op die **tblChoices**-tabel gebaseer. Maak die vorm in ontwerpaansig ('Design View') oop.

Verander die vorm soos volg:

- Voeg jou eksamennommer in die vormboskrif ('form header') in.
- Verander die agtergrondkleur van slegs die vormboskrif ('form header') na wit.
- Voeg slegs die huidige datum in die vormonderskrif ('form footer') in.

Stoor en maak die **frm5\_3**-vorm toe. (5)

5.4 Die **qry5\_4**-navraag is op die **tblChoices**-tabel gebaseer. Maak die navraag in ontwerpaansig ('Design View') oop en verander die navraag sodat dit die volgende sal vertoon wanneer dit uitgevoer word:

First Choice	CountOfFirstChoice
Abu Simbel Temples, Egypt	2
Acropolis of Athens, Greece	4
Alcatraz, USA	2
Angkor Wat, Cambodia	6
Anne Frank House, Netherlands	4
Arc de Triomphe, France	4
Brooklyn Bridge, USA	7
Buckingham Palace, UK	6
Christ the Redeemer, Brazil	4
Colosseum, Italy	5
Dole Plantation Maze, USA	5

Stoor en maak die **qry5\_4**-navraag toe. (2)

5.5 Die **qry5\_5**-navraag is op die **tblChoices**-tabel gebaseer. Maak die navraag in ontwerpaansig ('Design View') oop en verander die navraag sodat dit, wanneer dit uitgevoer word:

- Slegs die *Name*-, *Surname*- en *DateOfSurvey*-velde sal vertoon
- Van slegs die toeriste wat in 2017 die opname voltooi het
- En wat 'Wonders in the USA' vir beide hulle eerste en tweede keuses gekies het

Stoor en maak die **qry5\_5**-navraag toe. (8)



5.6 Die **qry5\_6**-navraag is op die **tblChoices**-tabel gebaseer. Maak die navraag in ontwerpaansig ('Design View') oop.

Onames ouer as 36 maande is nie meer relevant nie.

Skep 'n nuwe berekende veld met die naam *AgeOfSurvey* om te bepaal of die opname steeds relevant is.

- Gebruik vandag se datum om die ouderdom van die opname in maande te bepaal.
- Gebruik die 'Standard'-formaat vir die veld en vertoon NUL desimale plekke.
- Vertoon al die rekords ouer as 36 maande.

Stoor en maak die **qry5\_6**-navraag toe. (6)

5.7 Skep 'n verslag met die naam **rpt5\_7** wat op die **qry5\_7**-navraag gebaseer is, wat, wanneer dit uitgevoer word:

- Slegs die volgende velde sal vertoon: *Surname*, *Name*, *FirstChoice* en *DateOfSurvey*
- Die verslag volgens die datum van die opname sal groepeer. Aanvaar die verstek('default')-groepering vir die datum.
- 'n Funksie sal gebruik om die totale getal toeriste onderaan elke groep te vertoon

Stoor en maak die **rpt5\_7**-verslag toe. (6)

Stoor en maak die **5Wonder**-databasis toe. [40]



**VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)****LET WEL:**

- 'n HTML-merkersblad is vir verwysing aangeheg.
- Alle lêers wat benodig word om hierdie vraag te voltooi, kan in die eksamenlêergids gevind word.

EEN punt sal vir albei webblaaie vir korrekte sluitingsmerkers, driehoekige hakies en korrekte nesting toegeken word.

(1)

- 6.1 Maak die onvolledige **6\_1Places**-webblad in 'n webblaaier en ook in 'n teks-/HTML-redigeerder oop (NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word NIE).

**LET WEL:** Vraagnummers word as kommentaar ('comments') in die kodering ingevoeg om aan te dui waar jy die antwoord(e) moet invoeg. MOENIE hierdie kommentaar verwyder NIE.

**DISCOVER THE MANY WONDERS THIS WORLD HAS TO OFFER  
FROM MAN-MADE TO NATURAL**

Many Wonders of the World lists have been compiled over the years since the original list of the Seven Wonders of the Ancient World. The legendary Pyramids of Giza in Egypt are the sole survivor.

In 2017 an official New Seven Wonders of the World list was compiled in an attempt to revive the concept of the Ancient Wonders. The following all deservedly made the grade:

- Jordan's incredible **Rose City of Petra**
- The white marble **Taj Mahal** in India
- The **Great Wall of China** and
- **Machu Picchu Inca ruins** in Peru



New lists have been compiled in recent years as well, including the Seven Natural Wonders of the World and the Underwater Wonders of the World.

You could spend a lifetime visiting them all and everyone will have their own top Seven Wonders list featuring worthy contenders that may have not quite made it onto the official lists.

Over 100 million votes were cast in the lead up to 2017's announcement of the architectural and archaeological marvels that had made the official Seven New Wonders of the World.

Voters chose from a selection of 200 existing monuments and the Pyramids of Giza were granted honorary status as the solo surviving Wonder from the Ancient World.

[Link to Man-made Wonders](#)



**LET WEL:** Gebruik die voorbeeld op die vorige bladsy as 'n riglyn om hierdie vraag te beantwoord.

6.1.1 Verander die webblad-titel in die webblaaier om as 'New Wonders' te vertoon. (1)

6.1.2 Vind die opskrif 'DISCOVER THE MANY WONDERS THIS WORLD HAS TO OFFER FROM MAN-MADE TO NATURAL' en verander die opskrif soos volg: (3)

- Voeg merkers in om die opskrifstyl na 'Heading 3' te stel.
- Sentreer die opskrif.
- Voeg 'n merker voor die woord 'FROM ...' in sodat die opskrif oor TWEE reëls sal verskyn. Daar moet NIE 'n oop reël tussen die twee dele van die opskrif wees NIE.

6.1.3 Verander die ongeordende lys onder die tweede paragraaf om: (2)

- Seker te maak dat al die items korrek in die lys vertoon
- Die merkers te beweeg om die woorde 'Machu Picchu Inca ruins' in vetdruk ('bold') te vertoon

6.1.4 Korrigeer die merkers sodat die prentjie korrek sal vertoon. (1)

6.1.5 Die hiperskakel na die www.manwonders.com-webblad is verkeerd. Korrigeer die merkers sodat die hiperskakel korrek sal werk. (2)

Stoor en maak die **6\_1Places**-webblad toe.

6.2 Maak die onvolledige **6\_2Man**-webblad in 'n webblaaier en ook in 'n teks-/HTML-redigeerder oop (NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word NIE).

**WENK:** Gebruik merkers wat in die aangehegte HTML-merkersblad gegee word.

Voltooi die webblad om soos volg te vertoon:

### Man-made Wonders of the World

These seven equally impressive Man-made Wonders made it onto the list of semi-finalists but didn't make the final list in the official New Seven Wonders selection. We think they're definitely worth an entry on your bucket list.

			
Angkor Wat	Acropolis	Kiyomizu Temple	Hagia Sophia
An awe-inspiring example of Khmer genius, Angkor Wat is the most famous temple in the Angkor Complex and the symbol of Cambodia. Best seen at sunrise!	A universal symbol of Greek civilisation and its many achievements, the ancient Acropolis in Athens is easily the most popular monument from that era.	This Buddhist temple is one of the most celebrated temples of Japan and with good reason, thanks to its large veranda and beautiful setting in Kyoto.	Easily Istanbul's most stunning monument with its innovative architecture, this basilica-turned-mosque-turned-museum epitomises the great Byzantine empire.

(10)

Stoor en maak die **6\_2Man**-webblad toe.


[20]



**VRAAG 7: ALGEMEEN**

7.1 Maak die **7Natural**-woordverwerkingsdokument oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of bladsyonderskrif ('footer') in.

7.1.1 Skep 'n logo boaan die dokument soortgelyk aan die een hieronder. Gebruik die teks wat verskaf word.

**LET WEL:**

- Die fonttipe van die '7' is Broadway met 'n grootte van 120 pt.
- MOENIE 'n raam om die logo invoeg NIE.

**WENK:** Jy mag teksblokkies ('text boxes') gebruik.

(5)

7.1.2 Gebruik die ontwerpeienskap ('Design feature') van die woordverwerker om die paragraafspasiëringstyl ('paragraph spacing style') van die dokument soos volg aan te pas ('customise'):

- Stel die inlynstelling ('alignment') na vol inlyn ('justified').
- Stel die lynspasiëring ('line spacing') na 'Multiple' 1.15.

(2)

7.1.3 Verwyder die kommentaar ('comment') heeltemal uit die dokument.

(1)

Stoor en maak die **7Natural**-woordverwerkingsdokument toe.

7.2 Maak die **7Quote**-sigblad oop en werk in die **Details**-werkblad.

7.2.1 Voeg 'n funksie in **sel C2** in om ewekansig ('randomly') 'n groepgrootte van 10 tot 30 te genereer.

(3)

7.2.2 Die toegangsfooi per groep moet soos volg bereken word:

Stap 1: Voeg 'n funksie in **sel E3** in om die getal toeriste (**sel C2**) met die toegangsfooi per persoon (**sel C4**) te vermenigvuldig.

Stap 2: Voeg datavalidering ('data validation') in **sel C3** in om die gebruiker toe te laat om uit 'n lys te kies. Die waardes vir die lys word in **kolom B** gestoor.

Stap 3: Voeg 'n funksie in **sel C4** in om die toegangsfooi per persoon vir die subroete wat in **sel C3** gekies is, te bereken.

**LET WEL:** Die waardes in **sel C2** en **sel E3** sal verander soos wat die sigblad opgedateer word.

(9)

Stoor en maak die **7Quote**-sigblad toe.

**[20]****TOTAAL: 180**

**HTML-MERKERSBLAD ('HTML TAG SHEET')**

<b>Basiese Merkers ('Basic Tags')</b>	
<b>Merker ('Tag')</b>	<b>Beskrywing</b>
<body></body>	Definieer die liggaam van die webblad
<body bgcolor="pink">	Stel die agtergrondkleur van die webblad
<body text="black">	Stel die kleur van die liggaamteks
<head></head>	Bevat inligting oor die webblad
<html></html>	Skep 'n HTML-dokument – begin en eindig 'n webblad
<title></title>	Definieer 'n titel vir die webblad
 	Voeg 'n reëlbreuk in ('line break')
<!-- -->	Kommentaar
<b>Teksmerkers ('Text Tags')</b>	
<b>Merker ('Tag')</b>	<b>Beskrywing</b>
<h1></h1>	Skep die grootste opskrif
<h6></h6>	Skep die kleinste opskrif
<b></b>	Skep teks in vetdruk
<i></i>	Skep teks in skuinsdruk
<font size="3"></font>	Stel fontgrootte van "1" tot "7"
<font color="green"></font>	Stel fontkleur
<font face="Times New Roman"></font>	Stel fonttipe
<b>Skakelmerkers ('Links Tags')</b>	
<b>Beskrywing</b>	<b>Beskrywing</b>
<a href="URL"></a>	Skep 'n hiperskakel
<a href="URL"></a>	Skep 'n prentskakel
<a name="NAME"></a>	Skep 'n teikenarea in die dokument
<a href="#NAME"></a>	Skakel na 'n teikenarea wat elders in die dokument geskep is
<b>Formateringsmerkers ('Formatting Tags')</b>	
<b>Merker ('Tag')</b>	<b>Beskrywing</b>
<p></p>	Skep 'n nuwe paragraaf
<p align="left">	Stel 'n paragraaf "left" inlyn (verstek), kan ook "right" of "center" wees
<ol></ol>	Skep 'n genommerde lys
<ol type="A","a","I","i","1"></ol>	Definieer die tipe nommers wat gebruik word
<ul></ul>	Skep 'n kolpuntlys
<ul type="disc","square","circle"></ul>	Definieer die tipe kolpunte wat gebruik word

<b>Formateringsmerkers ('Formatting Tags') vervolg</b>	
<b>Merker ('Tag')</b>	<b>Beskrywing</b>
<li></li>	Word voor elke lysitem ingevoeg, en voeg 'n nommer of simbool by afhangede van die tipe lys wat geselekteer is
	Voeg 'n prent in
	Stel 'n prent inlyn, kan "left", "right"; "bottom", "top", "middle" wees
<p align="center"></p>	Stel 'n prent "center" inlyn
	Stel die grootte van die raam rondom 'n prent
	Stel die hoogte en breedte van 'n prent
	Vertoon alternatiewe teks wanneer die muis oor 'n prent gehou word of wanneer die prent nie gevind kan word nie
<hr/>	Voeg 'n horisontale lyn in
<hr size="3"/>	Stel die grootte (hoogte) van 'n reël
<hr width="80%"/>	Stel die breedte van 'n lyn, in persentasie of absolute waarde
<hr color="ff0000"/>	Stel die kleur van die lyn
<b>Tabelmerkers ('Table Tags')</b>	
<b>Merker ('Tag')</b>	<b>Beskrywing</b>
<table></table>	Skep 'n tabel
<tr></tr>	Skep 'n ry in 'n tabel
<td></td>	Skep 'n sel in 'n tabel
<th></th>	Skep 'n tabelopskrif ('n sel met vetgedrukte, gesentreerde teks)
<table width="50">	Stel die breedte van die tabel
<table border="1">	Stel die breedte van die raam rondom die selle van die tabel
<table cellpadding="1">	Stel die spasie tussen die selle van die tabel
<table cellspacing="1">	Stel die spasie tussen 'n selraam en die inhoud daarvan
<tr align="left">	Stel die inlynstelling vir die sel(le) ("left", kan ook "center" of "right" wees)
<tr valign="top">	Stel die vertikale inlynstelling vir sel(le) ("top", kan ook "middle" of "bottom" wees)
<td colspan="2">	Stel 'n getal kolomme waaroor 'n sel moet strek
<td rowspan="4">	Stel die getal rye waaroor 'n sel moet strek



### TOEVOERMASKER('INPUT MASK')-KARAKTERBLAD

KARAKTER	BESKRYWING
0	Syfer (0 tot 9, inskrywing vereis, plus[+]- en minus[-]-tekens nie toegelaat nie)
9	Syfer of spasie (inskrywing nie vereis nie, plus[+]- en minus[-]-tekens nie toegelaat nie)
#	Syfer of spasie (inskrywing nie vereis nie; spasies word as oop plekke vertoon terwyl in Redigeringsmodus ('Edit mode'), maar oop plekke word verwyder wanneer data gestoor word, plus[+]- en minus[-]-tekens toegelaat)
L	Letter (A tot Z, inskrywing vereis)
?	Letter (A tot Z, inskrywing opsioneel)
A	Letter of syfer (inskrywing vereis)
a	Letter of syfer (inskrywing opsioneel)
&	Enige karakter of 'n spasie (inskrywing vereis)
C	Enige karakter of 'n spasie (inskrywing opsioneel)
., : ; - /	Desimale plekhouer en duisende-, datum- en tydskeiers (Die werklike karakter hang van die instellings in die ' <b>Regional Settings Properties</b> '-dialoogblokkie in die 'Windows Control Panel' af.)
<	Veroorsaak dat alle karakters na onderkas ('lowercase') omgeskakel word
>	Veroorsaak dat alle karakters na bo-kas ('uppercase') omgeskakel word
!	Veroorsaak dat invoermasker van regs na links, in plaas van links na regs vertoon word. Karakters in die invoermasker getik, vul altyd van links na regs. Jy kan die uitroepteken op enige plek in die invoermasker invoeg.
\	Veroorsaak dat die karakter wat volg, as die letterlike karakter vertoon word (bv. \A word slegs as A vertoon).



Eksamenplakker

180

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1 – 2020(2)****INLIGTINGSBLAD** (moet NA die 3 uur-sessie deur die kandidaat ingevul word)

SENTRUMNOMMER \_\_\_\_\_

EKSAMENNOMMER \_\_\_\_\_

WERKSTASIENOMMER \_\_\_\_\_

SUITE GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (X))	Office 365	Microsoft Office 2019	Microsoft Office 2016	Microsoft Office 2013
WEBBLAAIER GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (X))	Internet Explorer	Google Chrome	Mozilla Firefox	Ander (Spesifiseer)

LÊERGIDSNAAM \_\_\_\_\_

*Lêername is vir elke antwoord ingevul. Maak 'n regmerkcie indien dit gestoor en/of gepoog is.*

Vraag- nommer	Lêernaam	Gestoor (✓)	Gepoog (✓)	Maksimum Punt	Nasiener	SN	HN	IM/EM
1	1Seven			26				
	1References							
2	2Ancient			24				
	2Sos							
3	3Canyon			24				
4	4Trails			26				
5	5Wonder			40				
6	6_1Places			20				
	6_2Man							
7	7Natural			20				
	7Quote							
<b>TOTAAL</b>				<b>180</b>				

Kommentaar (slegs vir kantoor/nasiener se gebruik)

---



---

